
# Module 1

## Eenheid 1

## Ek, my familie, bure en vriende

In hierdie eenheid gaan ons die volgende doen:

| Leeruitkoms | | Onderwerp | Datum afgehandel | |
|---|---|---|---|---|
| Geletterdheid | • Luister | • Wie is Alex Alberts? | |  |
| Geletterdheid<br>Lewensoriëntering | • Praat<br>• Ken lede van eie familie en maats | • Vertel eie storie oor familie en vriende en gebruik 'n stamboom. | |  |
| Geletterdheid<br>Tegnologie | • Lees, kyk en doen<br>• Ontwerp | • Maak kubus met foto's, sketse en beskrywings van eie self. | |  |
| Geletterdheid | • Dink en redeneer | • Verwerk inligting:<br>- Pas die stukkies bymekaar om karakters te vorm<br>- Voltooi doolhowe | |  |
| Tegnologie | • Ontwerp, maak en evalueer | • Maak die seepoplossing self om borreltjies te kan blaas, sowel as die vorms vir die borrels.<br>• Identifiseer die vorms wat die beste borrels blaas. | |  |



### Oefening 1

Lees Alex se verhaaltjie op die volgende bladsy vir die leerders. Vra dan 'n paar informele vragies oor die karakters in die storie. Hulle kan hul eie verbeeldings gebruik en bietjie ekstra inligting oor elkeen gee. Die vrae wat op bladsy 3 gegee word dien slegs as riglyne. Die gedagte is dat die leerders genoeg met die karakters kan identifiseer om hul eie inligting by te voeg en op die gegewe inligting te kan uitbrei.

© Brainline Holdings All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

# Wie is Alex Alberts?



Alex Alberts is 'n sesjarige seuntjie. Sy pappa, Altus, en sy mamma, Annelien, is baie lief vir hom en sy sussie. Alex se vierjarige sussie se naam is Ansie. Die Alberts-gesin bly in Akkerstraat 12, in Aliwal-Noord.



Alex is baie lief daarvoor om buite te speel. Daarom gaan kuier hy graag by Anton, sy maatjie wat langs hulle bly. Hulle is al bure vandat hy gebore is.




Alex en Anton speel amper elke dag met sy bal. Anton sal die bal baie ver skop en dan moet Alex vinnig hardloop om die bal te vang. Party dae wil Ansie saamspeel. Dan kry elkeen van hulle 'n botteltjie seep en hulle blaas vir mekaar seepborreltjies. Elkeen probeer om soveel moontlik borreltjies te vang voordat dit op die grond land, of selfs nog voor hulle in die lug bars.



Alex is baie opgewonde omdat Oupa Andries en Ouma Annetjie die naweek by hulle kom kuier. Pappa Altus gaan hulle by die lughawe haal en Alex mag saamgaan.



Dit is baie lekker om lughawe toe te gaan, want daar is mos baie vliegtuie om na te kyk. Daar is vliegtuie wat mense van enige plek in die wêreld bring. Alex probeer altyd kyk of hy 'n vliegtuig kan sien wat die vlag van Suid-Afrika op sy vlerk het.



© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

## Moontlike vragies:

Wat is die seuntjie se naam?
Wat is sy sussie se naam?
Wie is sy mamma en sy pappa?
Hoe oud is hulle?
Waar bly sy maatjie?
Wie is sy maatjie?
Wat doen Alex en sy maatjie graag?
Hoekom dink jy speel hulle nie met die bal wanneer Ansie ook wil saamspeel nie?
Watter ander speletjies kan hulle nog speel wat lekker is?
Dink jy dit is vir Alex lekker wanneer sy ouma en oupa kom kuier?
Sal jy daarvan hou om lughawe toe te gaan? Hoekom?
Weet jy hoe lyk die vlag van Suid-Afrika?

## Oefening 2

Ons weet nou meer van Alex en sy familie en vriende. Kom ons dink nou aan ons eie gesin en maatjies.

Om te help, het ons 'n familiestamboom wat sover as moontlik voltooi kan word. Laat mamma of pappa jou van bo inskryf.

Die eerste ry foto's is vir mamma en pappa se mamma's en pappa's (jou ouma's en oupa's).

Die volgende rytjie is vir mamma en pappa se foto's.


Die onderste rytjie is vir foto's van jou en jou sussies en/of boeties (as jy het).

Skryf elkeen se naam onder sy/haar foto.

Gesels oor jou familie en voltooi daarna die sinnetjies op bladsy 5.

© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

# Die -familie



© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

My naam is ......................................................... . Ek is ............ jaar oud.

My mamma se naam is ......................................... en my pappa se naam is

.......................................... . Ons bly in (straatnaam en nommer)

.................................................... in (dorp/stad) .................................. .

Ek is die (oudste/middelste/jongste/enigste) kind in ons gesin.

My boetie en/of sussie se naam/name is ................................................... .


My beste maatjie se naam is ............................ . Wanneer ons by mekaar


kuier, hou ons daarvan om ...........................................................................

...................................................................................................... .

## Oefening 3

Die volgende oefening is lekker kreatief. Ons gaan 'n kubus maak. 'n Kubus het ses kante wat almal ewe groot is. Hieronder volg 'n voorbeeld van 'n kubus wat uit 'n stewige stuk karton gesny kan word. Maak die kubus so groot soos julle wil, maar maak seker dat die leerder se handafdruk op een van die kante sal inpas. Die ander vyf kante/panele sal vir foto's en kunswerke gebruik word .






© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

Nadat die kubusvorm uitgesny en geplak is, kan ons begin om die panele te voltooi. Sny die volgende opskrifte uit vir elkeen van die ses panele:

1. Dit is ek!


Plak 'n foto van jouself op 'n paneel onder die opskrif.

2. Hier was ek nog 'n babatjie

Plak 'n babafoto van jouself onder die opskrif.

3. Hier is 'n skets van myself

Teken jou hare en gesig op die skets hieronder. Laat jou onderwyser/voog help om jou portret uit te sny en op die kubus onder die opskrif te plak.



4. Hier is 'n afdruk van my hand

Laat jou onderwyser/voog jou handpalm met 'n water-basisverf verf. Hou dan jou hand reguit en druk dit af op 'n stukkie mooi papier wat 'n bietjie groter as jou hand is. Laat jou onderwyser/voog dit mooi uitsny en op 'n paneel van die kubus onder hierdie opskrif plak .

© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

5. Alles oor myself

Voltooi die inligting.

Skryf vandag se datum op die lyntjie.
Voltooi dan elke sinnetjie.
Knip uit en plak onder die opskrif op een van die panele van die kubus.

____________________________

Ek is jaar oud.

Ek verjaar op

Ek is lank.

Ek weeg al

My oë is

My hare is

6. Belangrike nommers

Laat jou onderwyser/voog jou help om al die belangrike nommers neer te skryf. Dan help jy hom/haar om dit op die laaste oop kant van die kubus te plak.

My adres:

Mamma se selnommer:

Pappa se selnommer:

My telefoonnommer:


Knap gedaan!!

Nou het jy 'n pragtige kubus om êrens in die huis uit te stal. Vra elke nou en dan vir mamma/jou voog om jou te help om die telefoonnommers te onthou en ook weer seker te maak van jou adres.

© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

# Oefening 4

Alex en sy maatjie, Anton, speel amper elke middag met die bal. Ansie het laaste met die bal gespeel en nou weet sy nie waar die bal is nie. Help vir Alex en Anton om by die bal uit te kom sodat hulle verder kan speel deur 'n strepie van Alex-hulle tot by die bal te trek sonder om aan die lyne te raak.




© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000 www.brainline.com
info@brainline.com

## Oefening 5

Maak die volgende seepoplossing om seepbelle mee te kan blaas.

### Superseepbelmengsel


'n bak


1 koppie water


4 eetlepels vloeibare skottelgoedseep


2 eetlepels gliserien


kleurvolle pypskoonmakers


'n vel papier


'n potlood

1. Laat die leerder die water, seep en gliserien in die bak meng.
2. Los die mengsel om oornag te staan om die beste belletjies te maak.
3. Help die leerder om aan 'n paar vorms te dink, soos 'n vierkant, 'n sirkel, 'n driehoek, ens. en trek dit op die papier.
4. Laat die leerder die pypskoonmakers volgens die vorms op die papier buig. Hierdie vorms gaan gebruik word om die seepbelle te blaas. Sodra daar genoeg verskillende vorms is, kan die borrel-pret begin.
5. Laat die leerder 'n bietjie dink oor die borreltjies deur verskeie vragies te vra, soos: Hoeveel borrels kan jy op 'n slag blaas? Kan jy tel hoeveel borrels daar elke keer is? Watter vorm het die beste borrels geblaas?

© Brainline Holdings. All rights reserved 2011. Tel: (012) 543-5000
www.brainline.com info@brainline.com